Damelin
correspondence
The Career Development College

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)

GRAAD 11
HALFJAAR EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
DERDE VRAESTEL
(NSC11-07)
D10055667-7-C

TYD: 14H00 – 16H30 TOTAAL: 100 PUNTE

TYDSDUUR: 2½ UUR DATUM: 5 JUNIE 2013

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INFORMASIE

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word:

1. Skryf die antwoorde in die antwoordboek wat in die vraestel voorsien word.
2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
3. Begin met die vraag waarvoor die hoogste punt moontlik behaal gaan word.
4. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Antwoorde moet volsinne wees, behalwe waar ander instruksies gegee word.
6. Die puntetoekenning van elke vraag sal die lengte van die antwoord bepaal. Verskaf genoeg feite om die totale punte te behaal. Moenie tyd verspil deur meer inligting te gee as wat nodig is nie.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.
8. Begin die antwoord vir elke vraag op 'n **NUWE** bladsy, byvoorbeeld Vraag 1, nuwe bladsy, Vraag 2, nuwe bladsy.
9. Die vraestel en notas van enige student wat oneerlik te werk gaan, sal van hom of haar verwyder word. Die Kollege sal dissiplinêre maatreëls toepas om die integriteit van hierdie eksamen te beskerm.
10. Indien daar iets verkeerd is met, of uitgelaat was, in die vraestel of antwoordboek, lig asseblief dadelik die toesighouer in. As die toesighouer nie oor 'n probleem ingelig word nie, sal die Kollege dit nie later kan regstel nie en sal die punte nie aangepas kan word as gevolg van die probleem nie.
11. Hierdie vraestel mag van die eksamenlokaal verwyder word *na* afloop van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings: Afdeling A, Afdeling B and Afdeling C.
Jy moet **EEN** vraag uit **ELKE AFDELING** doen.

AFDELING A		
Opstel **200 – 250 woorde**	**Bestaan uit:** **Vrae 1.1 – 1.5 = VYF onderwerpe** **Vraag 1.6.1 – 1.6.3 = DRIE prente** **Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling**	**50**
AFDELING B		
Transaksioneel (lank) **120 – 150 woorde**	**Bestaan uit VIER onderwerpe** **Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling**	**30**
AFDELING C		
Transaksioneel (kort) **80 – 100 woorde**	**Bestaan uit DRIE onderwerpe** **Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling**	**20**
TOTAAL PUNTE:		**100**

AFDELING A – OPSTEL **(50 PUNTE)**

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

- Kies **EEN** vraag en skryf **200 – 250 woorde** oor die onderwerp wat jy kies.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan neer.

VRAAG 1

1.1 Dié dag toe my ma smoorkwaad was

Jy het jou ma nog nooit só kwaad gesien nie. Sy was só kwaad vir jou! Skryf 'n opstel waarin jy vertel hoekom jou ma so kwaad was. Dit kan 'n grapperige of ernstige insident wees wat jou ma kwaad gemaak het. Vertel ook watter uitwerking haar woede op jou gehad het.

OF

1.2 Behoort mense by robotte te bedel?

www.shutterstock.com-6941129

'n Toneeltjie soos die een hierbo het jou ook al seker frustreer, veral as die persoon jou met 'n baie hartseer uitdrukking aankyk. Is dit reg dat hulle daar staan en bedel? Skryf 'n opstel waarin jy jou opinie gee.

OF

1.3 Ek wonder hoe my lewe oor tien jaar sal wees?

OF

1.4 **My lewe is my bessiefoon . . .**

www.overstock.com

Skryf 'n opstel waarin jy **beskryf** wat jou Blackberry vir jou beteken en waarom jy nie sonder die foon kan klaarkom nie.

OF

1.5 DIT IS BETER OM IN SUID-AFRIKA TE BLY AS OM TE EMIGREER.

Skryf 'n opstel waarin jy **redeneer** of dit beter is om te bly as om te emigreer. Dit is belangrik dat jy **beide kante** van die stelling aanraak en in die laaste paragraaf tot 'n gevolgtrekking kom.

OF

1.6 Kies **EEN** van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

1.6.1

www.gettyimages.com

OF

1.6.2

Uit: *Beeld*, 25 Oktober 2012

OF

1.6.3

www.countrycraftmarket.org

TOTAAL AFDELING: 50

AFDELING B – LANGER TRANSAKSIONELE TEKS **(30 PUNTE)**

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

- Kies **EEN** vraag en skryf **120 – 150 woorde** oor die onderwerp wat jy kies.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan neer.

VRAAG 2

2.1 **DIALOOG**

Bestudeer die volgende prentjie en voltooi die gesprek in **dialoogvorm**.

www.@cartoonStock.com

In die prentjie hierbo kom die man opgewonde tuis. Hy het wonderlike nuus gekry dat die werk hom Kanada toe stuur. Sy vrou is nie gelukkig oor die nuus nie. Voltooi die gesprek in **dialoogvorm**.

OF

2.2 **RESENSIE**

Jy is 'n joernalis by 'n koerant. Jy het ‘n week gelede 'n musiekkonsert bygewoon. Skryf nou 'n **resensie** oor die konsert vir die koerant.

Die volgende wenke mag jou dalk help:

- Waar het die musiekkonsert plaasgevind ?
- Watter tipe musiek het die groep gemaak?
- Kan jy iets van die lede van die groep sê?
- Wie is die groep se teikenmark?
- Kan die musiekgroep aanbeveel word?

www.clipart.com

OF

2.3 **INFORMELE VERSLAG**

Diefstal by OTM’e (kitsbanke) is aan die toeneem. Baie geld word daar gesteel. Jy het gesien wat by so 'n kitsbank gebeur het. Dit het jou ontstel.

Skryf nou 'n **informele verslag** aan die bank om te sê wat jy daardie dag gesien het.

Gee aandag aan die volgende wenke.

- Verskaf vir die verslag 'n opskrif (kop).
- Waar het die rooftog gebeur?
- Wie was betrokke?
- Wat het gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?

OF

2.4 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het jou eerste salaristjek ontvang!

Skryf 'n brief aan 'n **maat** waarin jy vir hom / haar vertel wat jy met al die geld gaan koop en betaal. Gee ook redes hoekom jy die spesifieke goed gaan koop.

www.clipart.com

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C – KORTER TRANSAKSIONELE TEKS **(20 PUNTE)**

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

- Kies **EEN** vraag en skryf **80 – 100 woorde** oor die onderwerp wat jy kies.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan neer.

VRAAG 3

3.1 DAGBOEK

Jou pa is weg vir die naweek en jy het sonder toestemming een aand sy motor bestuur en teen 'n muur vasgery. Jy is doodbang.

Skryf jou gevoelens in jou **dagboek** neer.

OF

3.2 INSTRUKSIES

Jou ma is op die oomblik in die hospitaal. Jy sien om na die familie. Jy het het 'n tienerbroer wie se kamer baie deurmekaar en vuil is.

Skryf **TIEN INSTRUKSIES** vir hom neer **hoe** hy sy kamer aan die kant en skoon moet kry.

www.decoratingbydonna.com

OF

3.3 **PLAKKAAT**

Jy wil graag ekstra sakgeld verdien deur individuele foto's van leerlinge te neem. Maak 'n **plakkaat** wat jy op die kennisgewingborde by jou skool kan plaas om hierdie geldmaakpoging van jou te adverteer.

LET WEL: Dié is 'n informatiewe teks. Jy sal dus **GEEN** punte vir versiering verdien **NIE**.

Onthou die volgende wenke:

- Wie?
- Waar?
- Waarom?
- Tyd?
- Plek?
- Prys
- Kontakpersoon?
- Lettertipes?

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100 PUNTE